



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE

## NOVEMBER 2013

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye en 'n 18 bladsy-antwoordeboek.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf om ALLE vrae in te beantwoord.
3. Toon bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Bereken tot EEN desimale plek.

7. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| **VRAAG 1: 35 punte; 20 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Leeruitkomste gedek:** |
| Begrippe, maatskappytransaksies en debiteureversoening | LU1 **Finansiële rekeningkunde**<br>AS1 Begrippe<br>AS2 Grootboekrekeninge<br>AS3 Rekeningkundige vergelyking<br>AS4 Interpreteer versoenings |

| **VRAAG 2: 35 punte; 20 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Leeruitkomste gedek:** |
| Vervaardiging | LU2 **Bestuursrekeningkunde**<br>AS2 Produksiekostestaat<br>AS2 Eenheidskoste en gelykbreekpunt<br>LU3 **Bestuur van hulpbronne**<br>AS6 Interne beheer en oudit |

| **VRAAG 3: 75 punte; 45 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Leeruitkomste gedek:** |
| Maatskappy finansiële state en ouditverslag | LU1 **Finansiële rekeningkunde**<br>AS5 Finansiële state en notas<br>AS6 Ouditverslag |

| **VRAAG 4: 60 punte; 35 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Leeruitkomste gedek:** |
| Kontantvloei en vertolking van finansiële state | LU1 **Finansiële rekeningkunde**<br>AS5 Kontantvloeistaat<br>AS5 Ontleed en vertolk<br>LU3 **Bestuur van hulpbronne**<br>AS5 Etiek |

| **VRAAG 5: 40 punte; 25 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Leeruitkomste gedek:** |
| Kontantbegroting | LU2 **Bestuursrekeningkunde**<br>AS3 Ontleed en vertolk<br>LO3 **Bestuur van hulpbronne**<br>AS6 Interne beheer en oudit |

| **VRAAG 6: 55 punte; 35 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Leeruitkomste gedek:** |
| Vaste bates, voorraadwaardasie en interne beheer | LU1 **Finansiële rekeningkunde**<br>AS5 Finansiële state<br>LU3 **Bestuur van hulpbronne**<br>AS3 Vertolk en doen verslag oor bateverkope<br>AS4 Waardeer en bereken voorrade<br>AS5 Etiek<br>AS6 Interne beheer en oudit |

## VRAAG 1: BEGRIPPE, MAATSKAPPYTRANSAKSIES EN DEBITEUREVERSOENING (35 punte; 20 minute)

### 1.1 BEGRIPPE

**GEVRA:**

Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Die beginsel wat verklaar dat die finansiële sake van die eienaar apart van die finansiële sake van die besigheid gehou moet word, is die (besigheidentiteitsbeginsel/lopendesaak-beginsel). (2)

1.1.2 In die geval van bankrotskap is die aandeelhouers nie verantwoordelik vir die skuld van die besigheid nie. Dit is as gevolg van (beperkte/onbeperkte) aanspreeklikheid. (2)

1.1.3 In die finansiële state sal debiteure as handels- en ander (ekwiteit/ontvangbare bedrae/betaalbare bedrae) getoon word. (2)

### 1.2 MAATSKAPPYTRANSAKSIES

**GEVRA:**

Gebruik die tabel wat verskaf word om die volgende vir elke transaksie te toon:

- Rekening gedebiteer en rekening gekrediteer in die Algemene Grootboek
- Effek op die rekeningkundige vergelyking

Die banksaldo is te alle tye gunstig.

**Voorbeeld:** Direkteursvergoeding betaal, R145 000.

| NR. | REKENING GEDEBITEER | REKENING GEKREDITEER | BEDRAG | B | E | L |
|---|---|---|---|---|---|---|
| bv. | ***Direkteurs-vergoeding*** | ***Bank*** | ***145 000*** | **–** | **–** | ***0*** |

**TRANSAKSIES:**

1.2.1 Die bedrag wat aan die einde van die vorige finansiële jaar aan SAID verskuldig was vir inkomstebelasting, is betaal, R37 400.

1.2.2 Ontvang R180 000 vir addisionele aandele teen pariwaarde uitgereik.

1.2.3 'n Finale dividend van R55 000 is aan die einde van die huidige finansiële jaar deur die direkteure verklaar. (12)

1.3 **DEBITEUREVERSOENING**

Jy is die interne ouditeur van Rose Boutique. Die Debiteurekontrolerekening en die Debiteurelys vir September 2013 is deur die boekhouer voorberei, maar daar is 'n paar foute en weglatings.

**GEVRA:**

1.3.1 Toon die regstellings aan wat in die Debiteurekontrolerekening in die Algemene Grootboek gedoen moet word, deur die bedrae te toon met:

+ vir toename; **–** vir afname OF skryf 'geen verandering nie'. (7)

1.3.2 Berei die korrekte Debiteurelys op 30 September 2013 voor.

Toon bewerkings met die toepaslike bedrae tussen hakies om deelpunte te verdien. (10)

**INLIGTING:**

1. **Vooraansuiweringsyfers op 30 September 2013**

| | R |
|---|---|
| Debiteurekontrolerekening-saldo | 20 100 |
| Debiteurelystotaal uit Debiteuregrootboek | 19 900 |

2. **Debiteurelys op 30 September 2013**

| | Debiet | Krediet |
|---|---|---|
| T Stoffels | 3 800 | |
| E Khune | 7 400 | |
| S Mashele | | 1 900 |
| M Devnarain | 10 600 | |
| | 21 800 | 1 900 |

3. **Foute en weglatings:**

A Die totaal van die Debiteurejoernaal is met R1 800 te veel opgetel.

B Rente van R200 moet op die agterstallige rekening van E Khune gehef word.

C 'n Bedrag van R3 200 ontvang van T Stoffels, is foutief in die Kontantontvangstejoernaal as R2 300 aangeteken en as sodanig oorgeboek na die Debiteuregrootboek en die Algemene Grootboek.

D Goedere teruggestuur deur M Devnarain, R800, is na die verkeerde kant van sy rekening in die Debiteuregrootboek oorgeboek.

E Geen inskrywing is gemaak van 'n faktuur wat aan S Mashele uitgereik is nie, R1 400.

**35**

## VRAAG 2: VERVAARDIGING (35 punte; 20 minute)

### 2.1 KOSTEREKENINGE

**GEVRA:**

Kies 'n kostekategorie uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.1.1 Grondstowwe in die fabriek gebruik | A direkte-arbeidskoste |
| 2.1.2 Advertensie-uitgawes | B fabrieksbokoste |
| 2.1.3 Kantoortelefoonrekening | C verkoops- en verspreidingskoste |
| 2.1.4 Salaris van die fabrieksvoorman | D administrasiekoste |
| | E direktemateriaalkoste |

(4 x 2) (8)

### 2.2 PROTEA VERVAARDIGERS

Protea Vervaardigers is 'n besigheid wat een styl uniforms (oorpakke) maak. Die finansiële jaar eindig op 31 Augustus 2013.

**GEVRA:**

2.2.1 Verskaf die ontbrekende syfers in die:

- Produksiekostestaat (8)
- Nota vir die Fabrieksbokoste (5)

2.2.2 Die interne ouditeur is nie tevrede met die direkte-arbeidskoste vir die jaar nie.

- Verduidelik die probleem met betrekking tot die direkte-arbeidskoste en haal syfers aan om jou verduideliking te ondersteun. (3)
- Gee TWEE moontlike oplossings vir hierdie probleem. (4)

**INLIGTING:**

1. **Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Augustus 2013**

| | |
|---|---|
| Direktemateriaalkoste | ? |
| Direkte-arbeidskoste | **985 600** |
| **Primêre koste** | ? |
| Fabrieksbokoste | **94 980** |
| **Totale vervaardigingskoste** | ? |
| Goedere-in-bewerking (1 September 2012) | **12 420** |
| | ? |
| Goedere-in-bewerking (31 Augustus 2013) | ? |
| **Koste van produksie van klaarprodukte** | ? |

2. **Direktemateriaalkoste**

Materiaal is van die stoorkamer na die fabriek uitgereik met gebruik van die **geweegdegemiddelde**-metode.

| | **Hoeveelheid (meter)** | **Koste per meter** | **Totale koste** |
|---|---|---|---|
| Voorraad op 1 September 2012 | 10 000 m | R 9,00 | R 90 000 |
| Aankope van materiaal | 30 000 m | 12,00 | 360 000 |
| | 40 000 m | | 450 000 |
| Uitgereik aan fabriek | 28 000 m | ? | ? |
| Voorraad op 31 Augustus 2013 | 12 000 m | ? | ? |

3. **Direkte-arbeidskoste**

| | **Ure** | **Tarief** | **Werkers** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|
| Normale tyd | 1 200 | R32,00 | 10 | R384 000 |
| Oortyd | 880 | R64,00 | 10 | R563 200 |
| Werkgewersbydraes | | | | R 38 400 |
| | | | | R985 600 |

Inligting 4 op volgende bladsy.

4. **Verdeling van koste-items**

Verwys na die betrokke kostestate op die volgende bladsy.

4.1 Fabriekhuur word gedeel deur die fabriek-, verkope- en administrasie-afdeling in die verhouding 5 : 2 : 1.

4.2 75% van die water-en-elektrisiteit-uitgawe moet aan die fabriek toegedeel word en die res is 'n administratiewe uitgawe.

5. **Fabrieksbokoste**

| | |
|---|---|
| Indirekte materiaal | 7 360 |
| Indirekte arbeid | 22 230 |
| Waardevermindering van fabrieksaanleg | 8 630 |
| Huuruitgawe | ? |
| Water en elektrisiteit | ? |
| Diverse uitgawes | ? |
| | **94 980** |

6. **Administrasiekoste**

| | |
|---|---|
| Huuruitgawe | 6 600 |
| Versekering | 8 860 |
| Water en elektrisiteit | 6 840 |
| Skryfbehoeftes | 3 440 |
| Diverse uitgawes | 24 560 |
| | **50 300** |

7. **Produksie en verkope**

21 400 oorpakke is gedurende die finansiële jaar vervaardig en verkoop. Die koste van produksie van klaarprodukte was R65,00 per eenheid.

2.3 **SALLY SE SKRYFBEHOEFTESAKKE**

Sally Venter maak materiaalskryfbehoeftesakke wat sy aan leerders verkoop.

**GEVRA:**

2.3.1 Bereken die getal eenhede wat Sally moes vervaardig om in 2013 gelyk te breek. (4)

2.3.2 Lewer kommentaar op die getal sakke wat sy vervaardig. Haal syfers of finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf. Verwys na die berekening van die gelykbreekpunt in jou antwoord. (3)

**INLIGTING:**

1. Gedurende die jaar is 12 860 eenhede vervaardig en verkoop.

2. Die verkoopprys per eenheid was R30,00.

3.

| **Veranderlike en vaste koste:** | **2013** | | **2012** |
|---|---|---|---|
| **Veranderlike koste:** | **TOTAAL** | **PER EENHEID** | **PER EENHEID** |
| Direkte materiaal | R128 600 | R10,00 | R12,20 |
| Direkte arbeid | 102 880 | 8,00 | 7,00 |
| Verkope en verspreiding | 51 440 | 4,00 | 3,80 |
| | **R282 920** | **R22,00** | **R23,00** |
| | | | |
| **Vaste koste:** | | | |
| Fabrieksbokoste | R77 160 | R6,00 | |
| Administrasie | 19 290 | 1,50 | |
| | **R96 450** | **R7,50** | |

**35**

**VRAAG 3: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE EN OUDITVERSLAG**
**(75 punte; 45 minute)**

3.1 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| bedryfsbate; niebedryfsbate; inkomste; uitgawe;<br>bedryfslas; niebedryfslas |

3.1.1 Wins met die verkoop van 'n bate is 'n ...

3.1.2 Die gedeelte van 'n lening wat binne 'n jaar betaal moet word, is 'n ...

3.1.3 Verbruiksgoedere voorhande is 'n ...

3.1.4 Rente op 'n bankoortrekking is 'n ... (8)

3.2 **SELATI BEPERK**

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2013.

**GEVRA:**

3.2.1 Voltooi die Inkomstestaat. (54)

3.2.2 Stel die nota op vir Behoue Inkomste. (7)

**INLIGTING:**

**UITTREKSEL UIT DIE PROEFBALANS OP 30 JUNIE 2013:**

| **Balansstaatrekeninge-afdeling** | **R** |
|---|---|
| Gewone aandelekapitaal (R2 pariwaarde) | 4 500 000 |
| Aandelepremie | 790 000 |
| Behoue inkomste (1 Julie 2012) | 735 000 |
| Handelsvoorraad | 1 534 000 |
| Debiteurekontrole | 521 300 |
| Voorsiening vir oninbare skuld | 22 000 |
| Krediteurekontrole | 786 800 |
| Lening: Puma Bank | 630 000 |
| Bank (Dt) | 129 400 |
| SAID: Inkomstebelasting (Dt) | 260 000 |
| Pensioenfonds | 15 800 |
| Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) | 2 300 |
| Vaste deposito: Sharp Bank | 450 000 |

| Nominalerekeninge-afdeling | R |
|---|---|
| Verkope | ? |
| Koste van verkope | 8 200 000 |
| Salarisse en lone | 788 000 |
| Direkteursvergoeding | 1 840 000 |
| Ouditeursfooie | 88 000 |
| Werkgewersbydrae (Pensioen en WVF) | 81 000 |
| Bankkoste | 31 000 |
| Diverse uitgawes | 89 730 |
| Oninbare skuld | 12 100 |
| Huurinkomste | 69 160 |
| Rente op vaste deposito | 27 000 |
| Herstelwerk en instandhouding | 125 600 |
| Verpakkingsmateriaal | 43 900 |
| Gewone aandeledividende (tussentyds) | ? |

**AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:**

1. Nog R7 500 is aan die ouditeure verskuldig.

2. Goedere word teen 'n 60%-winsopslag op kosprys verkoop. Die maatskappy het kontantafslaguitverkopings gedurende die jaar gehou om van oortollige voorraad ontslae te raak. Die totale handelskortings toegestaan aan die klante was R702 000.

3. Verpakkingsmateriaal ter waarde van R41 000 is gedurende die jaar, geëindig 30 Junie 2013, gebruik.

4. Rente op die bankoortrekking, R2 800, is by die bankkoste ingesluit.

5. Geen inskrywings is gemaak vir voorraad wat aan die begin van Junie 2013 gesteel is nie. Die versekeringsmaatskappy het Selati Bpk. ingelig dat hulle R32 000 in die besigheid se bankrekening inbetaal het met betrekking tot die versekeringseis. Selati Bpk. dra 20% van enige voorraadverlies.

6. 'n Fisiese voorraadopname op 30 Junie 2013 het getoon dat voorraad ter waarde van R1 475 500 voorhande is.

7. 'n Bedrag van R1 700, ontvang van M Mpoani, is gedurende Junie 2013 na die Debiteurekontrolerekening gekrediteer. Die rekening van M Mpoani is gedurende Mei 2013 as oninbaar afgeskryf.

   Die voorsiening vir oninbare skulde moet na 4% van uitstaande debiteure aangesuiwer word.

Aansuiwering 8 op volgende bladsy.

8. Een werknemer is uit die Salarisjoernaal van Junie 2013 weggelaat. Sy salarisbesonderhede is:

| Aftrekkings | Werkgewersbydrae | Netto salaris |
|---|---|---|
| 2 020 | 1 610 | 4 980 |

9. R105 000 is aan EZ Bouers betaal vir die oprigting van 'n stoorkamer (R80 000) en herstelwerk aan die plaveisel (R25 000). Die totale bedrag is verkeerdelik na Grond en Geboue gedebiteer.

10. Die leningstaat van Puma Bank op 30 Junie 2013 het getoon:

| | |
|---|---|
| Saldo aan begin van finansiële jaar | R1 470 000 |
| Terugbetalings gedurende die jaar | 840 000 |
| Rente gekapitaliseer | ? |
| Saldo aan einde van finansiële jaar | 750 000 |

11. Huurinkomste vir Julie 2013 is reeds ontvang. Die maandelikse huur is met 10% op 1 Mei 2013 verhoog.

12. Waardevermindering is die ontbrekende syfer in die Inkomstestaat.

13. **Netto wins en belasting:**

- Nadat alle aansuiwerings in berekening geneem is, is die **korrekte** netto wins na belasting R588 000.
- Die inkomstebelastingkoers is 30% van netto wins voor belasting.

14. **Aandele en dividende:**

- Tussentydse dividende van 14 sent per aandeel is verklaar en betaal op 31 Desember 2012.
- 250 000 aandele is op 1 Januarie 2013 uitgereik. Dit is behoorlik geboekstaaf.
- Finale dividende van 10 sent per aandeel is op 30 Junie 2013 verklaar.

3.3 **OUDITEURSVERSLAG**

**UITTREKSEL UIT DIE VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE**

Ons het die jaarlikse finansiële state van Selati Bpk. vir die jaar geëindig 30 Junie 2013 geoudit. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die maatskappy se direkteure.

**Basis vir Weerhouding van Mening**
Gedurende die verloop van die oudit het ons vasgestel dat bonusse ten bedrae van R1,5 m. wat aan direkteure betaal is, nie deur die Vergoedingskomitee goedgekeur is nie. Verder was daar ook geen dokumentasie beskikbaar vir diverse uitgawes van R75 000 nie.

**Ouditmening**
As gevolg van die belangrikheid van die aangeleentheid hierbo beskryf, kon ons nie genoegsame ouditbewyse vind om 'n basis vir 'n ouditmening te verskaf nie. Gevolglik spreek ons nie 'n mening uit oor die finansiële state van Selati Bpk. vir die jaar geëindig 30 Junie 2013 nie.

**Morley en Vennote, Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)**

**GEVRA:**

As 'n aandeelhouer, hoekom sou jy oor hierdie ouditeursverslag bekommerd wees? Verduidelik. Noem DRIE punte. (6)

**75**

## VRAAG 4: KONTANTVLOEI EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE
**(60 punte; 35 minute)**

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2013 vir Jumbo Cellphones Bpk., 'n publieke maatskappy wat op die JSE genoteer is.

**GEVRA:**

4.1 Verwys na Inligting 8 hieronder met betrekking tot die spesiale programme wat saam met die finansiële state in die jaarverslag gepubliseer word.

4.1.1 Hoekom sou die direkteure geld aan hierdie programme wou spandeer? Verduidelik die hoofvoordeel van ELKE program vir die maatskappy. (4)

4.1.2 Behalwe die punte hierbo genoem, hoekom sal die direkteure die programme in die jaarverslag wil noem? Verduidelik. (2)

4.2 Verskaf die ontbrekende syfers aangedui deur **A** tot **F** in die Kontantvloeistaat. Toon bewerkings om deelpunte te verdien. (15)

4.3 Bereken die finansiële aanwysers hieronder vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2013. Toon alle bewerkings om deelpunte te verdien.

4.3.1 Persentasie netto wins na belasting op verkope (3)

4.3.2 Verdienste per aandeel (3)

4.3.3 Skuld-ekwiteit-verhouding (3)

4.3.4 Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) (5)

4.4 Die direkteure is van mening dat die bedryfsdoeltreffendheid van die maatskappy verbeter het. Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers (met syfers) om hulle mening te staaf. (4)

4.5 Die aandeelhouers is gelukkig met hulle opbrengs, verdienste en dividende. Haal DRIE finansiële aanwysers (met syfers) aan en verduidelik dit om hulle mening te staaf. (6)

4.6 Nuwe aandele is aan die begin van die finansiële jaar teen R9,00 elk uitgereik. As 'n bestaande aandeelhouer, sou jy tevrede wees met hierdie uitreikprys? Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou mening te verduidelik. (5)

4.7 'n Groot leningterugbetaling is gedoen. Lewer kommentaar daarop of dit 'n goeie idee was of nie. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou kommentaar te staaf. (4)

4.8 Behalwe die dividende en die lening, watter ander groot besluite deur die direkteure word in die Kontantvloeistaat gereflekteer? Noem TWEE groot besluite en haal die betrokke syfers aan. Verduidelik ook hoe ELK van hierdie besluite in die toekoms tot voordeel van die maatskappy kan wees. (6)

**INLIGTING:**

1. Die maatskappy het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 4 000 000 gewone aandele (pariwaarde R5,00 elk).

2. Inligting geneem uit die 2013-Inkomstestaat:

| | |
|---|---|
| Verkope | 6 200 000 |
| Waardevermindering | 120 000 |
| Rente op lening | 168 000 |
| Netto wins voor belasting | 1 200 000 |
| Netto wins na belasting | 840 000 |

3. Inligting geneem uit die Balansstaat:

| | 2013 | 2012 |
|---|---|---|
| **Vaste Bates** (drawaarde) | 7 125 000 | 6 931 000 |
| **Bedryfsbates** | 575 000 | 419 000 |
| Voorrade | 135 000 | 80 000 |
| Rekeninge ontvangbaar | 362 000 | 328 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | - | 9 000 |
| Kontant en kontantekwivalente | 78 000 | 2 000 |
| **TOTALE BATES** | 7 700 000 | 7 350 000 |
| | | |
| **Aandeelhouersbelang** | 5 285 000 | 4 000 000 |
| Gewone aandelekapitaal (pariwaarde R5) | 3 500 000 | 3 000 000 |
| Aandelepremie | 1 200 000 | 800 000 |
| Behoue inkomste | 585 000 | 200 000 |
| **Niebedryfslaste:** Venus Bank (8% p.j.) | 2 100 000 | 2 800 000 |
| **Bedryfslaste** | 315 000 | 550 000 |
| Rekeninge betaalbaar | 112 000 | 158 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 28 000 | - |
| Aandeelhouers vir dividende | 175 000 | 210 000 |
| Bankoortrekking | - | 182 000 |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | 7 700 000 | 7 350 000 |

4. Nuwe aandele is op 1 Maart 2012 teen R9,00 elk uitgereik.

5. 'n Tussentydse dividend van R280 000 is op 30 Junie 2012 betaal.

Inligting 6 op volgende bladsy.

6. Die volgende finansiële aanwysers is vir die afgelope twee jaar bereken:

| | 2013 | 2012 |
|---|---|---|
| Netto wins na belasting op verkope | ? | 11,3% |
| Bedryfsuitgawes op verkope | 25% | 32% |
| Bedryfswins op verkope | 22% | 15,8% |
| Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB) | ? | 15,2% |
| Verdienste per aandeel (VPA) | ? | 90 sent |
| Dividende per aandeel (DPA) | 65 sent | 82 sent |
| Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend (OOTKA) | 19,3% | 15,2% |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | ? | 0,7 : 1 |
| Rentekoers op geleende geld | 8% | 8% |
| Netto batewaarde per aandeel (NBW) | 755 sent | 667 sent |
| Markwaarde per aandeel | 840 sent | 820 sent |

7. **KONTANTVLOEISTAAT VIR JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2013**

| | |
|---|---|
| **KONTANTGEVOLGE VAN BEDRYFSAKTIWITEITE** | |
| Kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite | |
| Rente betaal | (168 000) |
| Inkomstebelasting betaal | **A** |
| Dividende betaal | **B** |
| | |
| **KONTANTGEVOLGE VAN BELEGGINGSAKTIWITEITE** | (314 000) |
| Vaste bates aangekoop | (400 000) |
| Opbrengs uit verkoop van vaste bates | 86 000 |
| | |
| **KONTANTGEVOLGE VAN FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | |
| Opbrengste van aandele uitgereik | **C** |
| Toename/Afname in lenings | **D** |
| | |
| **NETTO VERANDERING IN KONTANT EN -EKWIVALENTE** | **E** |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar | **F** |
| Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar | 78 000 |

8. Die gepubliseerde jaarverslag het getoon dat die maatskappy geld aan die volgende spesiale programme gespandeer het.

**Program A:**
Skenking van R200 000 aan die plaaslike buurtwagkomitee om misdaad te bekamp

**Program B:**
Personeelopleiding ten bedrae van R200 000

**60**

**LAAT HIERDIE BLADSY BLANKO**

## VRAAG 5: KONTANTBEGROTING (40 punte; 25 minute)

Jy word voorsien van die Debiteure-invorderingskedule en 'n uittreksel uit die Kontantbegroting van Leboni Handelaars vir die drie maande geëindig 31 Maart 2014. Die eienaar is Peter Leboni.

**GEVRA:**

5.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

5.1.1 Die hoofdoel met die opstel van die Kontantbegroting is ... (2)

5.1.2 EEN item in die Kontantbegroting wat nie in die Geprojekteerde Inkomstestaat sal verskyn nie, is ... (2)

5.1.3 EEN item wat in 'n Geprojekteerde Inkomstestaat, maar nie in 'n Kontantbegroting sal verskyn nie, is ... (2)

5.2 Verwys na Inligting 1 tot 7 hieronder. Bereken die ontbrekende syfers in die Debiteure-invorderingskedule en die Kontantbegroting aangedui deur **A** tot **H**. (22)

5.3 Verduidelik wat jy aan die einde van November aan Peter sal sê oor elk van die volgende items, en gee EEN punt van advies in ELKE geval:

| NOVEMBER 2013 | BEGROOT | WERKLIK |
|---|---|---|
| Telefoon | R1 000 | R5 500 |
| Diverse uitgawes | R3 000 | R3 000 |
| Huurinkomste | R6 500 | R3 000 |

(6)

5.4 Om verkope en die getal kliënte te verhoog, is Peter van plan om te adverteer dat die kredietperk vir al sy kredietkliënte tot R35 000 verhoog sal word en dat nuwe kliënte welkom is om gedurende April rekeninge oop te maak.

Gee DRIE punte van advies aan Peter in hierdie verband. (6)

**INLIGTING:**

1. **Verkope, aankope en koste van verkope:**

- Totale verwagte verkope:

| 2014 | | |
|---|---|---|
| **Januarie** | **Februarie** | **Maart** |
| R500 000 | R350 000 | R300 000 |

- 60% van verkope is op krediet, die res is vir kontant.
- Die besigheid gebruik altyd 'n winsopslag van 100% op kosprys.
- Voorraad word maandeliks vervang.
- 20% van alle aankope is vir kontant, die res is op krediet.
- Krediteure word TWEE maande na die aankoop van voorraad betaal.

2. **Debiteure-invordering:**

Die kredietperk vir elke debiteur is R25 000. In die verlede het debiteure hulle rekeninge soos volg vereffen. Leboni Handelaars stel sy begroting op hierdie basis op:

- 20% van debiteure betaal rekeninge in die maand van verkope om 'n 5%-korting te ontvang.
- 30% betaal in die 1ste maand na die verkoopsmaand (30 dae).
- 40% betaal in die 2de maand (60 dae).
- 10% word in die 3de maand afgeskryf.

3. **Debiteure-invorderingskedule:**

| | | Krediet-verkope | 2014 Januarie | Februarie | Maart |
|---|---|---|---|---|---|
| | | R | R | R | R |
| Werklike | November | 345 000 | 138 000 | | |
| | Desember | 480 000 | 144 000 | 192 000 | |
| Verwagte | Januarie | 300 000 | 57 000 | 90 000 | **A** |
| | Februarie | 210 000 | | 39 900 | 63 000 |
| | Maart | 180 000 | | | **B** |
| | | | 339 000 | 321 900 | **C** |

4. **Uittreksel uit die Kontantbegroting:**

| | 2014 Januarie | Februarie | Maart |
|---|---|---|---|
| | R | R | R |
| **ONTVANGSTE:** | | | |
| Kontantverkope | 200 000 | **D** | 120 000 |
| Ontvangste van debiteure | 339 000 | 321 900 | **C** |
| Huurinkomste | | | |
| Lening van KZ Bank (12%) | 400 000 | | |
| | | | |
| **BETALINGS:** | | | |
| Kontantaankope | 50 000 | 35 000 | 30 000 |
| Betalings aan krediteure | 320 000 | 320 000 | **E** |
| Rente op lening | | 4 000 | **F** |
| Terugbetaling van lening | | 40 000 | 40 000 |
| Lone | 32 500 | 22 048 | **G** |
| Advertensies | **H** | 6 758 | 6 758 |
| Diverse uitgawes | | | |
| | | | |
| Kontantsaldo aan einde van maand | 350 000 | 200 000 | (50 000) |

5. **Lening en rente op lening:**

Die rente op die lening en die maandelikse leningpaaiemente is betaalbaar aan die einde van elke maand. Rente word nie gekapitaliseer nie.

6. **Lone:**

- In Januarie sal die besigheid vyf werknemers hê wat elk 'n weeklikse loon van R1 300 verdien.
- Al die werknemers word op Vrydae hulle lone betaal. Daar is vyf Vrydae in Januarie en vier Vrydae in Februarie en Maart 2014.
- Een werknemer sal op 31 Januarie 2014 bedank en die ander werknemers sal op hierdie datum 'n 6%-verhoging ontvang.
- Die besigheid beplan om nog twee personeellede teen dieselfde weeklikse loon as die ander op 1 Maart 2014 aan te stel.

7. **Advertensies:**

Die advertensiebegroting sal met 9% verhoog word met ingang van 1 Februarie 2014.

**40**

**VRAAG 6: VASTE BATES, VOORRAADWAARDASIE EN INTERNE BEHEER**
**(55 punte; 35 minute)**

6.1 **VASTE BATES**

Jy word voorsien van besonderhede oor die vaste bates van Ulwazi Bpk. Die finansiële jaar eindig op 31 Maart 2013.

**GEVRA:**

6.1.1 Bereken die ontbrekende syfers aangedui deur **A**, **B** en **C** in die Vastebatenota hieronder. (9)

6.1.2 Stel die Bateverkoperekening op vir die rekenaar wat op 31 Januarie 2013 verkoop is. (11)

6.1.3 Jy is die interne ouditeur. Noem TWEE bekommernisse wat jy in verband met die vaste bates teenoor die direksie sal uitspreek. Verduidelik in ELKE geval waarom jy bekommerd is. (4)

**INLIGTING:**

1. **Vastebatenota:**

| | Grond en Geboue | Toerusting | Voertuie |
|---|---|---|---|
| **Drawaarde** (**1 April 2012**) | **3 000 000** | **184 000** | **560 000** |
| Kosprys | 3 000 000 | 258 000 | 780 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | ( - ) | | (220 000) |
| **Bewegings:** | | | |
| Toevoegings (kosprys) | | | 360 000 |
| Verkope (drawaarde) | **A** | | |
| Waardevermindering | | | **B** |
| **Drawaarde** (**31 March 2013**) | **2 100 000** | | |
| Kosprys | 2 100 000 | 240 000 | 1 140 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | ( - ) | | **C** |

2. Onbenutte grond is teen kosprys vir kontant verkoop om die kontantvloeiprobleme op te los. Hierdie eiendom is deur Pedoma (Edms.) Bpk. aangekoop. Die meerderheidsaandeelhouer in hierdie maatskappy is Betty Benson, die HUB se vrou.

Inligting 3 op volgende bladsy.

3. 'n Rekenaar (toerusting) is op 31 Januarie 2013 aan die HUB, Ben Benson, vir R800 kontant verkoop.

| **VASTEBATEREGISTER** | | | **E22189** |
|---|---|---|---|
| Item: | IT3-skootrekenaar | | |
| Kosprys: | R18 000 | | |
| Datum aangekoop: | 1 Oktober 2010 | | |
| Waardeverminderingskoers: | 25% p.j. op kosprys | | |
| | **WAARDE-VERMINDERING** | **OPGEHOOPTE WAARDE-VERMINDERING** | **DRA-WAARDE** |
| 31 Maart 2011 | R2 250 | R2 250 | R15 750 |
| 31 Maart 2012 | R4 500 | R6 750 | R11 250 |
| 31 Januarie 2013 | ? | ? | ? |

4. 'n Nuwe voertuig wat R360 000 gekos het, is op 30 Junie 2012 aangekoop.

5. Waardevermindering op Voertuie word teen 20% p.j. op die verminderendesaldo-metode afgeskryf.

## 6.2 VOORRAADWAARDASIE EN INTERNE BEHEER

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Fast Save Handelaars, waarvan Mohammed Khan die eienaar is. Die besigheid verkoop skoolhemde. Hulle finansiële jaar eindig op 31 Julie 2013. Die besigheid gebruik die EIEU (eerste in, eerste uit) -metode om voorraad te waardeer. Die periodieke voorraadstelsel word gebruik.

6.2.1 Bereken die waarde van eindvoorraad volgens die EIEU-metode op 31 Julie 2013. (7)

6.2.2 Bereken:

- Winsopslagpersentasie (%) behaal op kosprys (4)
- Voorraadhoudingstydperk (gebruik gemiddelde voorraad in jou berekening) (4)

6.2.3 Die besigheid mik na 'n 30%-winsopslag op kosprys.

As die interne ouditeur, wat sou jy ondersoek? Verduidelik. Noem TWEE punte. (4)

6.2.4 Die voorraadhoudingstydperk was 30 dae vir 2012.

Behoort Mohammed tevrede te wees met die voorraadhoudingstydperk vir 2013? Verduidelik. (3)

**INLIGTING:**

1. **Verkope en koste van verkope vir die jaar:**

| | **TOTAAL** |
|---|---|
| Verkope (3 600 hemde teen R140 elk) | R504 000 |
| Koste van verkope | R415 500 |

2. **Voorraad hemde:**

| | **GETAL EENHEDE** | **PRYS PER EENHEID** | **TOTAAL** |
|---|---|---|---|
| 1 Augustus 2012 | 600 | R80 | R48 000 |
| 31 Julie 2013 | 970 | ? | ? |

3. **Aankope en terugsendings:**

| | **GETAL EENHEDE** | **PRYS PER EENHEID** | **TOTAAL** |
|---|---|---|---|
| **Aankope:** | | | |
| 12 Oktober 2012 | 750 | R110 | R82 500 |
| 18 Desember 2012 | 1 900 | R130 | R247 000 |
| 6 Maart 2013 | 680 | R100 | R68 000 |
| 24 Junie 2013 | 880 | R120 | R105 600 |
| | 4 210 | | R503 100 |
| **Terugsendings:** | | | |
| 7 Maart 2013 | (60) | R100 | (R6 000) |
| 24 Junie 2013 | (150) | R120 | (R18 000) |
| **NETTO TOTAAL** | **4 000** | | **R479 100** |

6.3 Sien volgende bladsy.

6.3 **INTERNE BEHEER**

Sizwe Sibiya is die eienaar van drie drukkerswinkels wat elk deur 'n ander persoon bestuur word. Elke winkel het een hoëkapasiteit-drukker wat ontwerp is om 50 000 kopieë per maand te druk. Hulle vra R1,20 per kopie.

**GEVRA:**

Identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke winkel, deur syfers aan te haal by die identifisering van elke probleem. In ELKE geval, gee vir Sizwe raad oor hoe om die probleem op te los.

**INLIGTING VIR OKTOBER 2013:**

| | **WINKEL 1** | **WINKEL 2** | **WINKEL 3** |
|---|---|---|---|
| Datum van aankoop van drukker | 2007 | 2011 | 2012 |
| Naam van bestuurder | Thandeka | Dludlu | Sipho |
| Kosprys van drukker | R30 000 | R50 000 | R70 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | R29 999 | R20 000 | R14 000 |
| Getal kopieë gedruk en verkoop | 70 000 | 50 000 | 20 000 |
| Getal bedorwe kopieë | 965 | 5 870 | 180 |
| Kontant van klante gedeponeer | R66 000 | R60 000 | R24 000 |
| Ink en ander verbruiksgoedere gebruik | R14 800 | R19 500 | R4 400 |
| Herstel en instandhouding | R4 000 | R1 400 | R200 |
| Ander maandelikse bedryfsuitgawes | R17 000 | R17 000 | R17 000 |

(9)

**55**

**TOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou